147.KAB.A.11 (3)

# TEEN LATENSTYD

'n keuse uit die kabaretwerk van Hennie Aucamp, van 1980 – 1991

# PROGRAM - INHOUD

## Met permissie gesê (1980)

1. Proloog
2. Die lewe is 'n grenshotel (lied)
3 MC: Oorsig oor Met permissie gesê (1980)

4 Lied van die verminktes (lied)
5 King Lear van die Bernauerstrasse
6 Waar is al die blomme heen? (lied)
7. Groen
8. Rit deur die lang Karoo (lied)
9. 'n Nar by sy huis (lied)
10. Treurlied vir 'n vraetelpappie (lied)
11. MC: Oorsig oor Slegs vir almal (1985)

## Slegs vir almal (1985)

12 Die groot wedstryd
13 Die stank
14 Die lied van die Security Boys (lied)
15. Nog 'n nagwag
16 Slotkoraal: In hierdie wye, droewe land (lied)

17 MC: Oorsig oor Blomtyd is bloeityd (1988)

## Blomtyd is bloeityd (1988)

→

18. ~~Die masker~~ Liewers minder as meer
19. Vra alles behalwe die liefde (lied)
20. Muurblomme
21. MC: Oorsig oor *'n Brommer in die boord* (1989)

'n Brommer in die boord (1989)

22 Moeder Coetzee se ballade ('n lied, met konsertina/ghitaar)
23 Die goue vloei ('n lied met traporreltjie)
24 MC: Oorsig oor *Oudisie!* (1991)

Oudisie! (1991)

25 Die skawagter van Stompiesfontein
26 Waar's my dae, waar's my dinge (lied)
27 Die afsêbrief
28 Hierdie hande
29 Die werke van ons hande (lied)
30 Engels! Engels! wat jy hoor
31 Die laaste soldaat
32 Die afwaartse spiraal (lied)

SLOTNOMMERS

33 Epiloog
34 Teen latenstyd (lied)

Met permissie gesê

Eerste opvoering: 1980 } Projeksie
Publikasiedatum: 1980

Aucamp streef universele waardes na in sy werk, maar tog staan sy kabarette nie los van die tyd waarin hulle geskryf is nie. Met permissie gesê (1980) is br. vol ~~verwysings~~ toespelings ~~na~~ op die Grensoorlog, en in sy skets, "King Lear van die Bernauer Strasse", kies hy die Berlynse muur as metafoor vir Apartheid. Verdere temas in Met permissie gesê sluit o.a. in: die kortstondigheid van die skoonheid, en die predikament van randfigure soos hansworse en vroetelpappies.

Proloog
Die lewe is 'n grenshotel ........ Musiek: Jannie Hofmeyr
Die lied van die verminktes ... Musiek: Lettie Pretorius

King Lear van die Bernauerstrasse
Waar is al die blomme heen? .. Pete Seegher; vertaal deur Hennie Aucamp

Groen .....
Rit deur die lang Karoo   Musiek: Jannie Hofmeyr
'n Nar by sy huis ...   Musiek: Lettie Pretorius

Treurlied vir 'n vroetelpappie   Musiek: Enrique Breytenbach

## Slegs vir almal

Eerste opvoering: 1985
Publikasiedatum: 1986 } Projeksie

In sy tweede vollengte-kabaret, Slegs vir almal konsentreer Aucamp veel sterker op sketse en monoloë (aan met permissie gesê). Dis dan ook nie die liedjies wat die beste onthou word uit dié kabaret nie, maar die toneeltekste. Soos die titel onomwonde stel, is dit 'n politieke kabaret — 'n kabaret oor selfsug. In "Die groot wedstryd" gaan die ganse geskiedenis aan die Afrikaner verby, so behep is hy met nasionale simbole soos die Voortrekkermonument en voetbal. In die monoloog, "Die stank", word rassehaat versny met skuldgevoel, en aan die einde van dié monoloog weet die gehoor dat die spreker sélf die stank is. (Maar ~~hy~~ die spreker weet dit nog ~~altyd~~ steeds nie.) Die tweede koraal in Slegs vir almal streef na versoening tussen rasse, groepe, mense. Ook ~~word~~ kom die sekuriteitswag-verskynsel aan bod in Slegs vir almal maar sterk geïroniseer.

Die groot wedstryd

Die stank

Nog 'n nagwag

Die lied van die Security Boys .... Komponis: Coenie de Villiers

Slotkoraal: In hierdie wye, droewe land ... Komponis: Lettie Pretorius

## Blomtyd is bloeityd

Eerste opvoering: ~~1988~~ 1987 } Projeksie
Ongepubliseerd

*Blomtyd is bloeityd* het ontwikkel uit 'n program wat vir Amanda Strydom geskryf is, maar ongelukkig nooit plaasgevind het nie, ~~want Amanda se gesondheidsprobleme~~. Talle monoloë vir Strydom is toe "ont-span" tot dialoë. In *Blomtyd is bloeityd* maak Aucamp van 'n enkele komponis gebruik, wat ~~'n vaste patroon sou word vir~~ 'n gebruik wat hy ook in sy verdere kabaretproduksies sou handhaaf. Aucamp noem sy stuk "'n revue vir vroue", aangesien talle dansnommers daarvoor beplan is. Die danse het in die praktyk weggeval, sodat *Blomtyd* in wese 'n kabaret is — 'n feministiese kabaret.

Die masker

Vra alles behalwe die liefde .... Komponis: Coenie de Villiers

Muurblomme

# 'n Brommer in die Boord

Eerste opvoering: 1989 }
Publikasiedatum: 1990 } Projeksie

Titelgewyse sluit 'n Brommer in die Boord by Aucamp se "revue vir vroue" aan — Blomtyd is bloeityd. In werklikheid ~~is dit 'n verwerking van~~ het hy sy kortverhaal, "Die 1948-Buick Convertible", verwerk tot 'n musiekblyspel wat ten noueste aansluit by sy kabaretwerk. Daisy en haar moeder, die onverwoesbare Alida Coetzee, is karikature van die femme fatale, nes Thomas Unglück en ds. Oglethorpe karikature van die homme fatale is. Voor die liefdesintriges begin skeefloop, sing Moeder Coetzee, tot vermaak van die omstanders, 'n volksballade uit haar jeug. Dié ballade, waarin 'n slang figureer, wys ~~uit~~ vooruit na die "stigtelike" lied, "Die goue vloei", 'n duet vir twee mans.

Moeder Coetzee se ballade ..... Komponis: Noel Stockton

Die goue vloei .... Komponis: Noel Stockton

# Oudisie!

Eerste opvoering: 1991 } Projeksie
Ongepubliseerd

Oudisie! het as tema enersyds die benarde posisie van die toneelspeler in die Nuwe Suid-Afrika, en andersyds die benardheid en verwardheid van die politieke situasie in die algemeen. Vanaand se items kan as nuut beskou word, aangesien hulle, ~~nie~~ op een na, nie in die KRUIK-produksie gefigureer het nie. Die monoloog, "Die skawagter van Stompiesfontein", is spesiaal vir June van Mersch geskryf, 'n aktrise wat al van Permissie se dae af in ~~die~~ Aucamp-kabarette optree. Nataniel was die komponis vir Oudisie!

Die skawagter van Stompiesfontein
Waar's my dae, waar's my dinge .... Komponis: Nataniel
Die afsêbrief
Hierdie hande
Die werke van ons hande .... Komponis: Nataniel
Engels! Engels! wat sy hoor
Die laaste soldaat
Die afwaartse spiraal Komponis: Nataniel

SLOTNOMMERS van die aand:
Epiloog
Teen kalenstyd .... Komponis: Laurika Rauch

# EPILOOG

MC *in kollig. Hy praat sy* EPILOOG:

[ En so kom ons aan die einde
[ van 'n aand vol troebel pret —
[ want "troebel pret" is – met permissie –
[ die somtotaal en definisie
[ van hierdie hoerkind: KABARET.

[ Dit bied 'n stoel — maar sonder leuning —
[ en noem sy hoofdis: as-met-heuning;
[ dit sien die skedel agter vlees —
[ al sou dié vlees hoë prima wees.

[ Kom, klink 'n loopdop op die lot
[ en sit hom toe met: EDELVROT!

MC *stap oor na* SANGER *en vul sy glas*.

MC Toe, ou swaerie, hoe gaan jou songkie nou weer:

[ 'n Alsem
[ is 'n balsem
[ teen latenstyd ?

SANGER *ledig sy glas met een teug, en vee dan sy mond met die ~~aa~~ rugkant van sy hand af en sing:*

# Die sewe doodsondes (1993)

Ongepubliseerd

Hierdie reeks gedigte in rymende koeplette is nie spesifiek vir die verhoog geskryf nie, maar leen hulle tot gedramatiseerde voorstellings, aangesien daar ~~[illegible]~~ by elke sonde 'n sterk storielyn is en dialoog dikwels ~~deurgaans~~ 'n belangrike rol speel. Die moraal is soms ambivalent; die ingesmokkelde MC-rol, by wyse van die ~~alomteenwoordige~~ eksplisiete outeurstem, deurentyd ironies.

U ~~luister nou~~ kry nou ~~woo~~ die doodsonde

...... gedemonstreer.